

ADVERTENSIE

Die ANC het 'n Plan...



Dit **verdubbel** jou belasting
 Dit **verdubbel** BTW
 Dit **verdubbel** petrolbelasting

Die ANC se "Reconstruction and Development Plan" is 'n lang lys uitgawes. Soos enige plan kos dit geld.

Probleem is, die ANC weier om te sê waar die geld vandaan sal kom. Toe het ons maar hulle sommetjies vir hulle gedoen.

Om al hulle beloftes uit te voer, sal 'n ANC-regering nog R70 000 miljoen per jaar nodig hê. Dit beteken R2 000 uit die sak van elke man, vrou en kind in Suid-Afrika.

Maar omdat regeringsinkomste uit belasting kom, sal **nie elkeen** betaal nie. **Net belastingbetalers** – soos jy. Elke keer as jy iets koop, betaal jy belasting. Dis deel van die prys.

Elke keer as jy jou motor of openbare vervoer gebruik, betaal jy belasting. Dis deel van die brandstofprys.

Elke keer as jy bel of elektrisiteit gebruik, betaal jy belasting. Dis deel van jou rekening.

Vir elke R10 wat jy **nou** uitgee, is R1,40 belasting.

'n ANC-regering moet belasting verdubbel om vir sy planne te betaal. Vir elke R10 wat jy uitgee, sal jy R2,80 belasting betaal – **dubbel soveel** as nou.

Die prys van jou oggendkoffie moet **op**, die prys van die konfyt op jou brood **op**, jou reisgeld **op**, 'n pakkie sigarette **op**, jou gunsteling drankie **op**, jou aandjie se vermaak op TV, fliëks, boeke, 'n braai met vriende, **op**, die koste van kinderklere, gesinsvakansies **op**. Alles **op**.

En inkomstebelasting is selfs erger. Vir elke R100 wat jy nou betaal, 'n **ekstra** R85!

'n Stem vir die ANC is 'n stem vir **dubbele belasting** – **dubbel jou lewenskoste!**

Net 'n stem vir die Nasionale Party kan dit **verhoed**. Vir welvaart en groei glo die NP belasting moet laag bly en pryse moet stabiel bly.

Die NP is die enigste party wat groot en sterk genoeg is om te keer dat die ANC jou beursie leeg tap. Moenie jou stem mors op ander partye nie.

WEES SEKER VAN 'N BETER LEWE

Stem vir FW de Klerk en die nuwe Nasionale Party

